WET

Om voorsiening te maak vir die bewilliging van geld uit die Provinsiale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provinsie Vrystaat in die 2010/11 boekjaar en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee gepaard gaan.

AANHEF

AANGESIEN artikel 226(2) van die Grondwet van die Repuliek van Suid-Afrika, 1996, voorsiening daarvoor maak dat geld onttrek kan word uit die Provinsiale Inkomstefonds ingevolge ‘n bewilliging deur ‘n Wet van die Provinsiale Wetgewer;

EN AANGESIEN artikel 26 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999) voorsiening daarvoor maak dat die Provinsiale Wetgewer geld moet bewillig vir elke boekjaar vir die behoeftes van die Provinsie;

WORD DAAR BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Vrystaat, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking waaraan ‘n betekenis in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg in daardie Wet, en beteken -

“**betalings vir finansiële bates”** enige betaling gemaak deur ‘n provincial department wat geklassifiseer word as of geag word om ‘n betaling vir finansiële bates te wees ingevolge die “*Guidelines for Implementing the Economic Reporting format* (September 2009)”, wat deur die Nasionale Tesorie kragtens artikel 76 van die Wet op Openbare Finansiëële Bestuur, uitgereik is;

“betalings vir kapitaal bates” enige betaling deur ‘n provinsiale department wat geklassifiseer word as of geag word om ‘n betaling vir kapitaalbates te wees ‘n gevolg die “*Guidelines for Implementing the Economic Reporting Format (September 2009)” and the “Assets Management Framework*” (April 2004 version 3/3), wat duer die Nasionale Tesorie kragtens artikel 76 van die wt op Openbare Finansiële Bestuur, uitgereik is.

"**lopende betalings**" enige betalings wat deur 'n provinsiale departement gemaak word ten opsigte van die operasionele behoeftes van daardie departement, en sluit in, onder andere, betalings vir die vergoeding van werknemers, goedere en dienste, rente, huur van onroerende eiendom en finansiële transaksies met betrekking tot bates en laste, maar sluit oordragbetalings en subsidies, betalings vir kapitaalbates en betalings gemaak kragtens artikel 73 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, uit;

"**oordragbetalings en subsidies**" enige betaling wat deur 'n provinsiale departement aan 'n ander staatsorgaan of enige ander persoon ten opsigte waarvan die relevante departement nie enige iets van soortgelyke waarde op direkte wyse in ruil ontvang nie, en sluit die betaling van voorwaardelike toelae in;

"**voorwaardelike toelae**" toekennings aan provinsies, plaaslike regering of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van inkomste wat nasionaal ingesamel is, soos bepaal in artikel 214(1)(c) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"**Wet**" ook die Skedules; en

"**Wet op Openbare Finansiële Bestuur**" die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

Bewilliging van geld vir die benodighede van die Provinsie

2. (1) Behoudens die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur word daar hierby uit die Provinsiale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provinsie ten opsigte van die boekjaar 2010/11, die bedrae geld soos beoog in subartikel (2) bewillig.

(2) Bewilliging deur die Provinsiale Wetgewer van geld uit die Provinsiale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provinsie in die 2010/11 boekjaar, na begrotingsposte en hoof indelings binne 'n begrotingspos, en vir die bepaalde gelyste doeleindes, word in die Skedules uiteengesit.

Korttitel

3. Hierdie Wet heet die Begrotingswet, 2010.